Tema: Vertel jou kind van God se wonderdade

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Lied 207:2, 4, 5
Lied 292: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 12-3: 1, 2
Votum
Seën
Loflied Ps 111-2: 1, 2, 3, 4
Geloofsbelydenis HK Sondag 1 interaktief

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Markus 12: 28 – 34
Sing Ps 18-2: 1, 7
Gebed

Belydenisaflegging en doop
Formulier vir belydenisaflegging en doop
Doop
Sing Lied 305: 3

Woorddiens
Skriflesing Psalm 78: 1 - 12
Teks: Psalm 78 : 5 – 9
Sing Ps 119-2: 7, 8
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps 128-1: 1, 3
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Wat is die beste ding wat ouers aan hulle kinders in hierdie lewe kan gee? Is dit rykdom? Nee, die Skrif sê rykdom vergaan en kan ŉ groot struikelblok in die geloof wees. Is die beste wat jy jou kind kan gee dalk die beste skoolonderrig en verdere opleiding wat jy kan voorsien? Nee, want die Skrif leer dat wysheid sonder God ŉ gejaag na wind is en boonop ook ŉ vermoeienis vir jou liggaam.

Iemand anders sal sê die beste wat ŉ ouer sy kind kan gee is ŉ goeie opvoeding. Nee, ook dit is waardeloos as hierdie opvoeding nie gebou is op die Woord van God nie. Die bes opgevoede mens mag dalk ŉ ateïs wees en nog steeds was dit nie die beste wat sy ouers hom kon gee nie.

Brs. en srs., die beste wat ŉ ouer sy kind kan gee is om sy kind van God te leer. Om jou kind so te begelei dat hy/sy God as Vader kan leer ken, Hom kan liefhê en Hom kan dien, dit is die beste wat jy jou kind kan gee. Sonder ware geloof beteken alle aardse goed niks. Sonder geloof is rykdom, wysheid, en alle ander dinge nutteloos.

Die grootste opdrag van die Here aan ouers is dat hulle die kinders van die Here moet leer. Daarom gee die Here hier die opdrag: Vertel jou kinders van die wonderdade van God. Dit was ook ons vierde weektema van ons fokustyd dat gesinne die ruimte is waar ons van God se wonderdade vertel.

Geen ouer word hiervan vrygestel nie. Geen volwassene word hiervan vrygestel nie, want al het jy self nie kinders nie, dra jy as gemeentelid die verantwoordelikheid om toe te sien dat hierdie opdrag van God nagekom word.

Brs. en srs, ons leef vandag in ŉ wêreld waar mense nie meer self doen nie, maar ander betaal om iets vir hulle te doen. As ek my kar wil regmaak dan betaal ek iemand om dit te doen. As ek my huis se matte wil skoonmaak dan betaal ek iemand anders om dit te doen. As ek een of ander diens verlang dan kry ek ŉ verskaffer en ek betaal hom om dit vir my te doen.

Ek betaal iemand om my kinders op te pas. Ek betaal iemand om my kinders op skool te onderrig. So glo baie ouers verder dat ek iemand betaal om my kind van God te leer. Solank ek my kind net by die katkisasie en die kerk besorg dan sal hulle my kind van God leer.

Br. en sr. met baie dinge in die lewe kan dit so werk, maar nie met my kind se geloofsopvoeding nie. Dit is en bly elke ouer se eie verantwoordelikheid. Die psalmdigter wys ons pragtig op die ketting van verantwoordelikheid wat loop van geslag tot geslag. Hy sê: “wat ons by ons ouers gehoor en geleer het, sal ons aan ons kinders leer en hulle sal dit aan hulle kinders vertel en hulle weer aan hulle kinders.” En waaroor gaan dit alles: Sodat die volk van God kan leer van sy magtige dade, van sy verlossing en oordeel en elke geslag in Hom kan glo.

Die doel van hierdie onderrig is dat God se kinders op Hom kan vertrou, Hom gehoorsaam en van Hom kan leer. Dit is dit is die beste erfenis wat ouers aan

hulle kinders kan gee. Dit is die beste lewenswaarde wat een geslag aan die volgende kan gee.

Brs. en srs. Besef julle hoe belangrik hierdie saak vir die Here is? Dit is ‘n saak van lewe en dood vir die volk van God.
By al die hoofmomente in die volk se geskiedenis lê die Here klem op hierdie verantwoordelikheid van ouers. Reeds met die verbondsluiting met Abraham word die kinders betrek as God die opdrag gee dat hulle besny moet word. Kinders moet weet waarom dit gaan en ouers moet dit vir hulle leer. Dit is tog die belofte wat u by die doop van u kind teenoor die Here gemaak het! En dit berus op God se verbond met Abraham en sy kinders.

Toe die Here besig was om Israel uit Egipte te verlos met die 10 wonderwerke wat Hy verrig het, dan sê Hy vir Moses: Ek doen nou hierdie wonders met die Farao sodat jy eendag vir jou kinders kan vertel van hulle God se wonderdade.
Op die vooraand van hulle vertrek toe die Here die opdrag gee dat die volk die paaslam slag, sê die Here: eendag sal jou kinders vra: wat beteken hierdie slagtery van die lammetjie? Dan moet jy hulle vertel hoe God julle gered het.

As die volk later by die berg Horeb kom waar die Here sy wet aan hulle afkondig dat kry die volk die opdrag: Leer jou kinders die wet van God. (In Deut. 6: 4 - 7 word hierdie opdrag weer so herhaal. En in vers 20 van dieselfde hoofstuk staan: ” Wanneer jou seun jou later vra: wat beteken hierdie dinge?” Dan moet jy hom vertel.)

Moses sê in sy afskeidspreek vir die volk net voordat hulle die beloofde land ingaan om God se verlossing altyd vir hulle kinders te vertel, want dit is ’n saak van lewe of dood.

Ja, om vir jou kind van God te leer, beteken vir hom of haar die ewige lewe of dalk die ewige dood, indien jy versuim om dit te doen. Natuurlik is dit God self wat geloof skenk en geloof werk, maar ons is die instrument van die Heilige Gees om deur ons kennisoordrag en ons eie voorbeeld geloof in u kind te bewerk. Ons lees in Rigters 2 dat die geslag na Josua die ketting verbreek het dat die volgende geslag nie meer die Here geken het nie.

En so , brs. en srs., vind ons hierdie opdrag dwarsdeur die Skrif, want dit gaan om ons kinders se geestelike lewe. Hulle lewe met God of hulle lewe sonder God. En dit is elke ouer, elke pa en ma, se verantwoordelikheid. Wat ’n wonderlike voorreg en geleentheid vir elke pa en ma. Dat God ons as ouers wil gebruik om ons kinders se geloof te help vorm. Dink net watter impak maak dit op my kinders en weer op hulle nageslag!

Nou dan die vraag: Waarom bestee ons so min tyd aan hierdie belangrik saak in ons lewe. 99% van ons tyd word spandeer aan allerhande aardse dinge, terwyl ons die belangrikste opdrag in sovele opsigte afskeep. Brs. en srs. ’n mens wil nie veralgemeen nie, maar ons kategete vertel hoe onvoorbereid sommige kinders na die katkisasie kom en wat week na week hier kom sit en nie ’n idee het waaroor alles gaan nie. En dit is nie hulle skuld nie, dit is ouers wat nie omsien dat hulle kinders in die Woord van die Here onderrig word nie.

En dit is ŉ getuienis van wat in die huis gebeur. Daarom dat ons juis hierdie fokustyd op hierdie tema wou fokus sodat ons almal weer die erns van hierdie opdrag van God kan verstaan.

Br. en sr. God gaan van jou rekenskap eis oor jou kind se geloofslewe. Doen jy wat die Here ons in hierdie psalm beveel? Om jou kind te leer van God en sy wonderdade sodat jou kind Hom sal ken en dien en liefhê? Dit is nie die kerk of die skool se verantwoordelikheid nie, dit is jou verantwoordelikheid. Die katkisasie en die skool is hulpmiddels maar die ouer bly die eerste en belangrikste opvoeder.

Hoekom? Omdat kinders nie soseer luister en doen na wat jy as ouer vir hulle leer nie, maar hulle doen wat jy doen. Kinders leer uit ouers se lewe en voorbeeld. En miskien, br. en sr., is ons hiermee by die kern van die saak.

Is van ons kinders se geloofslewe dalk ŉ weerspieëling van ons eie gebrekkige geloofslewe? Dat ons nie self kan vertel nie, want onsself ken nie die Bybel nie? Dat onsself nie ons kinders van geloof en gehoorsaamheid kan leer nie, omdat onsself nie op God vertrou en gehoorsaam aan sy Woord leer nie? As dit waar is, wat sal van ons kinders word? Wat sal hulle weer hulle kinders dan van die Here kan leer?

Brs. en srs., kom ons leer uit die geskiedenis van psalm 78 om nie dieselfde foute as ons voorgeslagte te maak nie. Laat ons ons dan bekeer en doen wat God ons beveel. Laat ons ons kinders van God en sy wonderwerke leer sodat hulle kan glo.

Hoe moet ons dit doen?
Kom ons word self eers weer leerlinge van God se genade. Wat is die grootste wonderdaad van God!!!! ..... Dat Hy sy liefde en genade in Christus geopenbaar het. Jesus is die grootste Wonderdaad van God. Daarom kan ons ook leer dat as ons ons ongehoorsaamheid in hierdie saak voor die Here bely, Hy ons sondes in Christus sal vergewe.
Maar kom ons leer ook uit hierdie psalm, dat God ons ook swaar sal beproef, soos Hy met ons voorvaders gedoen het, as ons hierdie saak bly nalaat en nie doen wat God ons beveel nie.

Deur onsself te bekeer en te begin doen wat God beveel, sal ons kinders leer wat ware geloof beteken. Dat mense wat sondig in Christus genade vind en weer voor kan begin. Dat God ŉ liefdevolle God is wat ons eers in genade wil aansien voor Hy ons ongehoorsaamheid straf. Deur as volwassenes self die Here elke dag lief te hê en te vertrou, sal ons kinders leer wat liefde en vertroue beteken.

Maar geliefdes, ons eie voorbeeld is gebrekkige voorbeelde. Dit is juis die ander groot openbaring in Ps. 78. Dit teken vir ons die swakheid en die onvermoë van die mens. Telkens moes God ingryp om sy volk te red. telkens moet God self sy volk terugbring en die verhouding tussen Hom en hulle herstel.

Daarom kan kinders nie uit ouers se kennis en voorbeeld gered word nie. Dis nie die kennis van die wêreld wat jou red nie. Dit lê nie in die mens self nie – nee: dit lê in ʼn kennis van en verhouding met God.

Ons moet ons kinders uit die Woord leer wie God self is. Hoe Hy hulle in Christus red en hoe Hy geloof deur die Heilige Gees in hulle plant en laat groei. Dit is die wonderdade van God wat jou kind sy lewe by God gee. Hulle moet uiteindelik self weet wat God van hulle verwag. Leer hulle die Bybelverhale en pas dit toe in hulle lewe om te weet dat God ook in hulle lewe wonderdade verrig.

Daarom geliefde, br. en sr. maak tyd in u dagprogram om saam met u kinders uit God se Woord te lees en leer hulle wat dit beteken. Weet u wat u kind van die Here glo? Weet u of u kind bid as hy bang is? Weet u of u kind werklik glo dat God bestaan of is dit vir die kleinding maar net ʼn mooi verhaal? Praat met u kind daaroor uit die Woord van God. Gaan vanaand in sy kamer en bid saam met hom en praat met hom oor sy geloof.

Maar al hierdie dinge sal nutteloos wees as ons kinders nie ook uit die lewe van hierdie gemeente sien dat hierdie dinge waarlik betekenis het in die lewe van mense het nie. Hiermee word elke lidmaat betrek: ons almal het ʼn verantwoordelikheid. Ons is mos ook ʼn huisgesin en hier moet ons met ons vb. van geloof, vertroue, liefde vir mekaar en liefde vir God vir ons kinders wys wat al hierdie beteken. As ons mekaar nie liefhet nie, as ons mekaar nie kan vergewe en mekaar kan bystaan nie, sal al ons onderrig nutteloos wees.

Geliefde, brs. en srs., die Here het jou verlos deur Jesus Christus en u alles uit genade geskenk wat u vir hierdie lewe en die ewige lewe nodig het. Dit is God se wonderdaad in jou lewe. Jou ouers het dit vir u geleer en jyself leer dit daagliks uit God se Woord.

Wat gaan jy vir jou kind gee? Gaan jy ook die voorreg benut om ʼn instrument in die Here se hand te wees om hierdie geskenk ook aan u kinders te gee. Of gaan u taak versuim en so, menslikerwys gesproke, u kind van die lewe beroof.

Amen.